REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Rapporteerbaar

# DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA, KAAPSTAD

## UITSPRAAK

SAAKNOMMER: C 596/2013

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **CHRISTIAAN PHILANDER** | Eerste applikant |
| **Jacobus BURGER** | Tweede applikant |
| **Adam LOUW** | Derde applikant |
| **CSAAWU** | Vierde applikant |

en

| | |
|---|---|
| **LA MAISON** | Respondent |

**Verhoor**: **17-23 Junie 2014**

**Uitspraak**: **29 Julie 2014**

**Opsomming:** Onbeskermde staking – verdere wangedrag – ontslag billik.

ARBEIDSHOF

---

**UITSPRAAK**

---

STEENKAMP R

Inleiding

[1] Die Du Toits van La Maison boer nie in Frankryk nie, maar in die Goree-distrik van Robertson in die Breërivier-vallei. Drie van hulle werkers, mnre

Christiaan Philander, Kobus Burger en Adam Louw, het deelgeneem aan ‘n onbeskermde staking. Hulle word verteenwoordig deur die Commmercial, Stevedoring, Agriculture and Allied Workers Union (CSAAWU). Nadat die staking opgehef is, het hulle verdere wangedrag gepleeg deur te versuim on vir werk aan te meld en, nadat hulle wel gaan werk het, te weier om ‘n opdrag uit te voer. Hulle het elkeen ‘n afsonderlike dissiplinêre verhoor bygewoon. Hulle is ontslaan. Hulle het ‘n geskil na hierdie hof verwys waarin hulle beweer dat hul ontslag onbillik is.

[2] Die getuienis voor die hof was oorwegend in Afrikaans, alhowel beide advokate hul betoog in Engels gevoer het. Die applikante het aangedriing op ‘n uitspraak in Afrikaans, hul huistaal. Ek maak so.

<u>Die getuienis</u>

[3] Baie van die feite voor die hof is gemeensaak. Plaaswerkers in die De Doorns-omgewing in die Hexrivier-vallei het in November 2012 op ‘n onbeskermde staking gegaan om hoër lone te eis. Op daardie stadium was die minimumloon vir plaaswerkers, voorgeskryf in ‘n sektorale vasstelling, R69 per dag. Die werkers het R150 per dag geëis. Die staking het oorgespoel na die Breëriviervallei. Die individuele applikante – mnre Philander, Burger en Louw — het deelgeneem aan die staking. Dis opgeskort in Desember. Op 9 Januarie 2013 het die applikante weer begin staak. Hul vakbond, CSAAWU (die vierde applikant) het die staking aangemoedig en ondersteun. Philander was ‘n vloervlakverteenwoordiger (shop steward) van CSAAWU. Hy het, soos hy getuig het, “van dag een af” geweet dis ‘n onbeskermde staking; nietemin het hulle voortgegaan daarmee.

[4] Die werkgewer, La Maison, het op 15 Januarie ‘n ultimatum uitgereik. Die Du Toits – mnre Charl of KW du Toit (snr) en Phillip du Toit (jnr) het dit persoonlik aan al drie applikante by hul huise gaan gee tussen 07h00 en 07h15. (Philander en Louw woon albei op die plaas in huise wat gratis deur die werkgewer verskaf word). Du Toit jnr het dit ook om 10h30 aan CSAAWU gefaks.

[5] Die ultimatum lees soos volg:

ARBEIDSHOF

"KENNISGEWING OM VIR WERK AAN TE MELD

U is vanaf 9/1/13 besig met 'n onbeskermde staking.

Hiermee gee ons kennis dat ons van u verwag om op 16 Januarie 2013 op normale invaltyd terug te wees by die werkplek en om aan te gaan met u werk.

U moet daarop let dat om te versuim om vir werk aan te meld, dissiplinêre prosedures gevolg sal word.

FINALE ULTIMATUM OM VIR WERK AAN TE MELD

U is reeds vanaf 9/1/13 afwesig van die werkplek en besig met 'n onbeskermde staking.

Hiermee word u finaal in kennis gestel om op 16 Januarie 2013 invaltyd by die werk te wees en voort te gaan met u werk aktiwiteite.

By versuim om vir werk aan te meld, sal die dissiplinêre prosedure gevolg word.

Werkgewer."

[6] Die ultimatum is onderteken deur Du Toit jnr. Die applikante het geweier om vir ontvangs daarvan te teken, maar hulle erken dat die Du Toits dit per hand aan hulle gegee het die oggend van 15 Januarie.

[7] Soos uit die evaluering van die getuienis hieronder sal blyk, het die applikante die ultimatum verontagsaam. Hulle het eers op 21 Januarie vir werk aangemeld. Du Toit snr het aan hulle opdrag gegee om onkruid (hondepisbos en langskraalhans) in 'n vrugteboord uit te skoffel. Hulle het dit vir drie dae gedoen. Dit was warm. Me *Nyman*, vir die applikante, het dit aan die respondent se getuies gestel dat die temperature van 42 tot 46 ˚C gewissel het. Sy moes dit later terugtrek toe dit blyk dat die temperature wat gemeet is, in die dertigs was. Op 24 Januarie het hulle glad nie gaan werk nie. Op Vrydag 25 Januarie het hulle wel vir werk aangemeld, maar geweier om hul grawe te vat om verder bossies uit te spit. Hulle het getuig dat hulle lyfseer was en dat hul hande vol blase was. Hulle het dit egter nie vir Du Toit gesê nie, en geeneen van hulle het die kliniek op die plaas of op die dorp besoek nie.

[8] Op Maandag 28 Januarie was die drie werkers weer afwesig sonder verlof. Hulle het eers op Dinsdag 29 Januarie weer begin werk. Op Woensdag 30 Januarie het die werkgewer aan hulle kennisgewings gegee

ARBEIDSHOF

van dissiplinêre verhore. Louw en Burger se verhore sou op 1 Februarie plaasvind en Philander s'n op 11 Februarie. Die kennisgewing lees soos volg:

"**KENNISGEWING VAN VERHOOR**

**KLAG:**

1. Deelneem aan onbeskermde staking (9 Januarie – 18 Januarie 2013).
2. Afwesig sonder toestemming (24 Januarie 2013; 28 Januarie 2013).
3. Weiering om redelike en billike opdrag uit te voer (25 Januarie 2013).
4. Verlaat werksplek sonder toestemming (25 Januarie 2013).

Datum & tyd van oortreding: 9 Januarie – 18 Januarie 2013; 24 Januarie 2013; 25 Januarie 2013; 28 Januarie 2013.

U word kennis gegee van 'n dissiplinêre verhoor op 1 Februarie 2013 om 11h00 en u word versoek om op die perseel (plaas La Maison – die kelder) te wees vir die verhoor.

**U het die volgende regte:**

1. Die reg om verteenwoordig te wees deur 'n medewerker / shopsteward van u keuse.
2. Die reg om getuies in te roep.
3. Die reg om die aanklaer se getuies te ondervra.
4. Die reg om aangehoor te word.
5. Die reg om bewyse voor te lê.
6. Die reg om 'n tolk te gebruik.
7. Die reg om te appelleer teen die uitspraak van die verhoor.

As u versuim om die verhoor by te woon sal dit sonder u teenwoordigheid voortgaan. U sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag."

[9] Louw en Burger se verhore is op 1 Februarie gehou. Die voorsitter was 'n arbeidskonsultant, Me Rolene van Zyl. Aangesien Philander 'n vloervlakverteenwoordiger was, is die vakbond in kennis gestel dat 'n beampte hom kon verteenwoordig. Die vakbond het gevra dat die verhoor uitgestel word na 12 Februarie aangesien hulle daardie dag ook 'n verhoor by 'n naburige plaas moes bywoon. Du Toit jnr het op 8 Februarie aan

CSAAWU geskryf en gesê dat dit nie geskuif kan word nie aangesien ander verpligtinge reeds geskeduleer is vir die week. CSAAWU het nietemin nie 'n beampte beskikbaar gestel om Philander te verteenwoordig nie. Hy is deur Louw verteenwoordig op 11 Februarie.

[10] Van Zyl het op 12 Februarie die uitslag van die drie verhore aan die applikante gegee, dit gelees en verduidelik. Sy het gevra dat die werkgewer sy verswarende omstandighede en die werknemers hul versagtende omstandighede skriftelik aan haar moes stuur nie later nie as Donderdag 14 Februarie om 09h00. Die werkgewer het dit gedoen; die applikante het nie. Op daardie dag – 14 Februarie – nege minute voor die spertyd, het die assistent- hoofsekretaris van CSAAWU, Karel Swart, aan die werkgewer 'n faks gestuur en gesê:

> "The union herewith would like to inform you that our shop steward Christiaan Philander was denied the right to be represented by the union as in terms of code of good practice chapter 8.
>
> The union would like to attend the hearing to assist the above workers in the mitigation stages.
>
> Thus we propose to meet at 13h30 on the 15th February 2013."

[11] Van Zyl het dadelik geantwoord. Sy het gesê:

> "U is kennis gegee van die verhoordatum en dit is jammer dat geen van u beamptes dit kon bywoon nie.
>
> Die verhore is alreeds gehou. Ek is nou afwagtend op die drie werknemers se versagtende omstandighede en die werkgewer se verswarende omstandighede op skrif. U is welkom om u verteenwoordiger hiermee behulpsaam te wees. Daar sal uitstel tot Vrydag 15 Februarie 2013 om 12h00 gegee word om dit in te handig."

[12] Ten spyte van die verdere uitstel het nòg CSAAWU nòg die werkers die geleentheid gebruik om versagtende omstandighede voor te lê.

[13] Die voorsitter het op 25 Februarie haar bevinding bekendgemaak en aan al drie werkers oorhandig. Sy het hulle skuldig bevind op al vier aanklagte, behalwe vir Burger, wat nie by was toe die opdrag op 25 Januarie gegee was nie, en dit dus nie kon weier nie. Klag 3 was dus nie op hom van toepassing nie. Van Zyl het verder opgemerk:

ARBEIDSHOF

"Voorsitter het met K Swarts van CSAAWU Donderdag gepraat. Hy het aangedui dat hul nie versagtende omstandghede gaan gee nie. Voorsitter het verduidelik dat hulle hul lede 'n kans op versagting misgun en weer uitstel gegee tot Vrydag. Geen versagtende omstandighede is gestuur nie.

...

Dit spyt die voorsitter dat geen versagtende omstandighede ingehandig is nie".

[14] Die werkgewer het 'n sanksie van onmiddellike ontslag versoek en die voorsitter het dit toegestaan. Hulle is op 25 Februarie 2013 ontslaan.

[15] Die applikante het 'n geskil na hierdie hof verwys. Hulle betoog dat die ontslag onbillik was. Alhoewel hulle oorspronlik in hul pleitstukke aangedui het dat die stakking " 'n mate van beskerming" geniet het, het hulle daarvan afstand gedoen in die betoog voor die hof. Daar was kennelik geen gronde vir so 'n submissie nie. Hulle aanvaar nou dat die staking onbeskermd was en dat hulle daarbenewens ten minste op 24 en 28 Januarie afwesig was sonder verlof (d.i. dat hulle skuldig is op klag 2), alhowel Me *Nyman* dit onder kruisondervraging aan die Du Toits gestel het dat hulle wel op 24 Januarie gaan werk het. Hulle voer nietemin aan dat hulle op 16 Januarie wou aanmeld vir werk, en dat hulle dus net van 9 tot 15 Januarie gestaak het; en dat die opdrag om op 25 Januarie verder te skoffel, nie redelik en billik was nie.

Die regsbeginsels

[16] Die beginsels van toepassing op onbeskermde stakings word saamgevat in Bylae 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge[1], die Goeie Praktykskode: Ontslag. Item 6 bepaal:

"**Ontslag en nywerheidsoptrede**

(1) Deelname aan 'n staking wat nie aan die vereistes van Hoofstuk IV voldoen nie, is wangedrag. Soos enige ander vorm van wangedrag, regverdig dit egter nie altyd ontslag nie. Die wesenlike billikheid van enige ontslag in hierdie omstandighede moet bepaal word met inagneming van al die feite van die geval, met inbegrip van –

---

[1] Wet 66 van 1995.

ARBEIDSHOF

(a) die erns van die oortreding van die bepalings van hierdie Wet;

(b) pogings aangewend om ooreenkomstig hierdie Wet op te tree; en

(c) of die staking plaasgevind het in reaksie op onregverdige optrede deur die werkgewer.

(2) Voordat ontslag plaasvind, moet die werkgewer by die eerste geleentheid wat hom voordoen met vakbondbeamptes in verbinding tree om die optrede wat hy beoog, te bespreek. Die werkgewer moet 'n ultimatum in duidelike en ondubbelsinnige taal uitreik waarin verklaar word wat van die werknemers vereis word en watter sanksie opgelê sal word indien hulle nie aan die ultimatum gehoor gee nie. Daarna moet die werknemers voldoende geleentheid gebied word om die ultimatum te oorweeg en daarop te reageer, hetsy deur nakoming of verwerping. Daar kan met hierdie vereistes weggedoen word in omstandighede waar daar nie redelikerwys van die werkgewer verwag kan word om dit op die betrokke werknemers van toepassing te maak nie."

ARBEIDSHOF

<u>Evaluering</u>

[17] Dit is teen hierdie agtergrond wat klag 1 onder die loep geneem moet word. Ek sal vervolgens die ander drie klagte hanteer.

*Klag 1: onbeskermde staking 9-18 Januarie*

[18] Dit is gemeensaak dat die drie werkers, gerugsteun deur CSAAWU, op 'n onbeskermde staking was van 9 tot 16 Januarie. Die enigste feitegeskil is of hulle wel op 16 Januarie aangemeld het vir werk, soos hulle beweer. Indien nie, het die staking verder voortgeduur tot 18 Januarie.

[19] Op hierdie aspek huiwer ek nie om die getuienis van die Du Toits bo dié van die applikante te verkies nie. Die applikante se getuienis was deurspek van weersprekings. Hulle sê dat hulle wel op die oggend van 16 Januarie op pad was werk toe, maar dat Du Toit snr hulle aangesê het om teug te gaan huis toe, omdat "hy nog daaroor wou dink" of hulle kon terugkom werk toe. Daardie weergawe is hoogs onwaarskynlik, gegewe Du Toit se ultimatum aan hulle om juis die oggend van 16 Januarie in te val. Maar Philander en Louw se weergawes van gebeure verskil ook hemelsbreed van mekaar. (Die derde applikant, Burger, het nie getuig of

die hofverrigtinge bygewoon nie. Hy het skynbaar spoorloos verdwyn). Philander het daarop gestaan dat hulle drie presies "ses minute na invaltyd" (wat 06h30 was) op 16 Januarie vir Du Toit snr langs pad teëgekom het en dat hy gesê het hulle moet huis toe gaan, want hy het nog nie klaar gedink oor hule nie. Du Toit ontken dit ten sterkste. Volgens Philander het hulle drie die oggend van 15 Januarie "langs die kanaal" besluit om aan die ultimatum gehoor te gee en die volgende oggend aan te meld. Louw, daarenteen, het eers in sy hoofgetuienis – op 'n vraag van sy advokaat – gesê dat niks verder van belang gebeur het op 15 Januarie nadat hy die ultimatum ontvang het nie. In kruisondervraging het hy eers gesê dat hulle drie "die oggend van 16 Januarie" by Philander se huis besluit het om aan te meld. Toe het hy gesê dat die drie van hulle die middag van die 15e – en nie die oggend nie – bymekaargekom het by Philander se huis (en nie by die kanaal nie).

[20] Daar is 'n verdere interne weerspreking in die applikante se weergawe oor die gebeure van 15 en 16 Januarie. Philander beweer dat hulle op 15 Januarie besluit het om die staking op te hef en op 16 Januarie te gaan werk. Maar in sy dissiplinêe verhoor op 11 Februarie het hy gesê dat hulle op 20 Januarie die besluit geneem het om die staking op te hef en terug te gaan werk toe.

[21] Ek aanvaar dat die applikante deelgeneem het aan 'n onbeskermde staking van 9 tot 18 Januarie en dat hulle dus skuldig is aan klag 1, soos wat die voorsitter, Me van Zyl, bevind het. Maar selfs as hulle wel op 16 Januarie sou op pad gewees het werk toe, hoe onwaarskynlik dit ook al is, sou dit steeds beteken dat hulle van 9-15 Januarie – dus vir 'n week – op 'n onbeskermde staking was.

[22] Die Wet maak dit maklik vir 'n vakbond en sy lede om op 'n beskermde staking te gaan, soos wat dit hoort om 'n grondwetlike reg uit te oefen. Hulle hoef bloot die eenvoudige proses te volg wat in a 64 voorgeskryf word. In hierdie geval het die appplikante dit nie gedoen nie. En om dit erger te maak, het hulle reeds in Desember 2012 die staking opgeskort, wel wetende dat dit onbeskermd is. Nietemin het hulle dit op 9 Januarie

ARBEIDSHOF

2013 hervat sonder om die behoorlike proses te volg. En in elk geval was hulle gebonde aan 'n sektorale vasstelling.

[23] Die erns van die oortreding van die bepalings van die Wet kan nie oorbeklemtoon word nie. Soos Philander dit gestel het, die applikante het "van dag een af" geweet die staking was onbeskermd. Desnieteenstaande het hulle op roekelose wyse daarmee voortgegaan. Die vierde applikant, CSAAWU, het deurgaans hierdie onbeskermde optrede ondersteun, wel wetende dat dit sy lede se werk in gevaar stel. Die assistent-hoofsekretaris van die vakbond, Karel Swart, het aan sy drie lede gesê hulle kan hul werk verloor. Nietemin het hulle voortgegaan, terdeë bewus van daardie risiko.

[24] Die applikante het hoegenaamd geen poging aangewend om ooreenkomstig die Wet op te tree nie; dit teen die agtergrond daarvan dat die Departement van Arbeid reeds op daardie stadium begin het met die hersiening van die sektorale vasstelling wat die minimum loon bepaal, en dat die LUK vir Landbou op 8 Januarie 2013 plaaswerkers gewaarsku het om aan hulle werksekerheid te dink voordat hulle aan die onbeskermde staking deelneem. CSAAWU het eerder op 12 Januarie 'n oproep op sy lede en ander werkers gedoen: "We call on workers everywhere to stregthen the farm workers' strike".

[25] Daar is ook geen sprake daarvan dat die staking plaasgevind het in reaksie op ongeregverdigde optrede deur die werkgewer nie. Dit is so dat die destydse minimumloon van R69 per dag 'n hongerloon was. Dit is vanaf 1 Maart 2013 verhoog tot R2247, 82 per maand of R105 per dag, met 'n verdere verhoging van die verbruikersprysindeks plus 1,5% vanaf 1 Maart vanjaar.[2] Die lone en werksomstandighede van plaaswerkers in die algemeen, op 'n paar utsonderings na, is nie ideaal vir enigiemand se menswaardigheid nie. Maar dit maak nie die staking beskermd of die werkers se optrede regverdigbaar nie. Die werkgewer het aansienlik meer as die minimumloon betaal. Philander is vir November 2012 R88, 28 per dag betaal en Louw vir Januarie 2013 R80 per dag. (Kennelik was deel daarvan betaal op die basis van "stukwerk" of "moniteerwerk" waarvoor 'n

[2] R 65 *Staatskoerant* 36115, 5 Februarie 2013.

ARBEIDSHOF

bonus betaal is as hulle die gewenste produksie bereik het). Daar is hoegenaamd geen sprake daarvan dat die werkgewer enigsins onwettig opgetree het of die onbeskermde staking uitgelok het nie. Dit is ook merkwaardig dat net hierdie drie werkers uit ‘n werksmag van 57 voltydse werkers en 32 seisoenswerkers besluit het om te staak.

[26] Die werkgewer het die vakbond in kennis gestel van die ultimatum en van sy voorgenome optrede. Ten spyte daarvan het die vakbond (die vierde applikant) nie sy lede aangeraai om aan die ultimatum te voldoen nie. Die vakbond het ook nie sy reg uitgeoefen om vir Philander by sy verhoor te verteenwoordig of om namens al drie sy lede versagtende omstandighede voor te lê nie.

[27] Die werkgewer het ‘n ultimatum in duidelike en ondubbelsinnige taal uitgereik en dit persoonlik by elk van die drie stakende werkers afgelewer. Hulle het dit bloot verontagsaam. Soos Philander getuig het, nadat die Du Toits hom die oggend van 15 Januarie uit sy bed uit geroep het om die ultimatum aan hom te oorhandig en hy dit deurgelees het en verstaan het, het hy eenvoudig gesê “ek is nog besig met strike”. Hy het geweier om ‘n afskrif van die ultimatum te neem of ontvangserkenning daarvoor te teken. Hy het geweet dat die staking onbeskermd was en het erken dat hy geweet het dit kan tot sy ontslag lei. Nietemin het hy voortgegaan daarmee.

[28] Die werkers het 24 uur gehad om die ultimatum te oorweeg en daarop te reageer. Hulle is deur hul vakbond verteenwoordig en kon vir Swart raadpleeg. Ten spyte daarvan het hulle dit verontagsaam en eers vyf dae of drie werksdae later teruggekeer werk toe. Om sake te vererger, het hulle ‘n paar dae later weer weggebly van die werk af.

[29] In al hierdie omstandighede kan daar geen twyfel wees dat ontslag ‘n billike sanksie was vir die wangedrag in klag een nie. Die applikante was almal terdeëe wus daarvan dat die staking onbillik was, dat dit op wangedrag neerkom, en dat hulle ontslaan sou word as hulle daarmee voortgaan. Dit word ook so vervat in die werkgewer se dissiplinêre kode, waarmee hulle vertroud was. Selfs toe hulle ‘n ultimatum gekry het wat hulle ‘n kans sou gee om hul werk te behou, het hulle dit verontagsaam.

ARBEIDSHOF

Dit is ‘n growwe verbreking van nie net die diensverhouding nie, maar ook die landswette wat deur ‘n demokraties verkose regering daargestel is in ooreenstemming met die Grondwet.

*Klag 2: Afwesig sonder toestemming 24 en 28 Januarie*

[30] Dis nou gemeensaak dat die werkers op hierdie twee dae afwesig was sonder toestemming, alhoewel die applikante se advokaat dit oorspronklik betwis het in haar kruisondervraging. (Dit plaas ‘n verdere vraagteken agter die applikante se geloofwaardigheid). Philander het ook in sy dissiplinêre verhoor skuldig gepleit op hierdie klag. Me *Nyman* het nietemin betoog dat hulle redes gehad het waarom hulle nie gaan werk het nie.

[31] Op Donderdag 24 Januarie, sê hulle, het hulle nie gaan werk nie omdat hulle lyfseer was van die vorige drie dae se skoffelwerk. Maar daar is ‘n kliniek op die plaas. Mev du Toit jnr is ‘n opgeleide verpleegsuster. Nie een van die drie het haar gaan sien nie. Nie een van hulle of hul vakbond het die werkgewer gekontak en aangedui dat hulle nie kon kom werk nie. Hulle het bloot weggebly. In plaas daarvan om te gaan werk, is Philander en Burger dorp toe. Met ‘n merkwaardige vermoë om tye tot op die minuut te onthou wanneer dit hom pas, het Philander getuig dat Burger “om 13 minute voor twee” by hom aangekom het om te vra hy moet saamgaan dorp toe om krag te gaan koop. (Burger woon nie op La Maison nie en kan dus nie krag op die plaas kry nie). Hulle twee is dorp toe, maar het ook nie die kliniek op die dorp besoek nie. En Louw kon eenvoudig geen ander rede gee hoekom hy nie werk toe is nie.

[32] Al drie werkers is klaarblyklik skuldig daaraan dat hulle op 24 Januarie sonder toestemming afwesig was. Hul bewering dat hulle so lyfseer was dat hulle nie kon werk nie, en dat hulle selfs blase op hul hande gehad het, is onwaarskynlik in die lig daarvandat hulle geen mediese hulp gesoek het nie. Philander beweer hy het gedink die Du Toits sou onsimpatiek wees; maar niks het hom en Burger verhoed om na die kliniek op die dorp te gaan toe hulle in elk geval daar was nie. En selfs al sou hulle lyfseer gewees het,  is daar geen verskoning daarvoor dat hulle dit

ARBEIDSHOF

nie onder die aandag van die werkgewer gebring het of verlof gevra het om die dag af te neem of om ligter werk te doen nie. (Du Toit snr het met verwysing na die bywoningsregister daarop gewys dat van die ander werkers ligte werk gegee is as hulle ongesteld was, maar nie so siek dat hulle van die werk weggebly het nie).

[33] Wat hul afwesigheid op Maandag 28 Desember betref, maak hul verskoning nog minder sin. Philander en Louw sê die plaas was "deurmekaar" omdat die vorige Vrydag betaaldag was en van die ander plaaswerkers die naweek baie gedrink het. Hoe dit, selfs al sou dit waar wees, hulle drie verhoed het om te gaan werk, is onverklaarbaar.

*Klag 3: Weiering om redelike en billike opdrag uit te voer (25 Januarie)*

[34] Dis gemeensaak dat Philander en Louw die oggend van 25 Januarie geweier het om hul grawe te vat om verder te gaan skoffel en dat hulle huis toe is. Die vraag is of hulle geweier het om 'n redelike en billike opdrag uit te voer.

[35] Hulle weergawe is dat hulle aangemeld het vir diens; dat Du Toit snr hulle aangesê het om hul grawe te kry, maar dat hulle geweier het; dat hulle vir Du Toit probeer verduidelik het dat hulle lyfseer was, maar dat hy nie wou luister nie; en dat Du Toit hulle huis toe gestuur het.

[36] Hierdie weergawe is onwaarskynlik. Philander sê nou dat hy blase op sy hande gehad het en dat dit in verbande toegedraai was. Daardie weergawe het hy nie by sy dissiplinêre verhoor geopper nie. Dis hoogs onwaarskynlik dat Du Toit snr nie sou opgemerk het dat een van die twee werkers voor hom se hande met verbande toegedraai is en dat hy nie daarna sou vra nie. Philander en Burger is dieselfde dag dorp toe, maar het nie die moeite gedoen om die kliniek te besoek nie. Hulle is deurentyd deur die vakbond verteenwoordig. Daar was geen poging van die vakbond se kant om die werkgewer te kontak en te verduidelik waarom sy lede geweier het om die opdrag uit te voer om weer te gaan skoffel nie.

[37] Op 'n oorwig van waarskynlikhede is Philander en Louw behoorlik skuldig bevind op hierdie klag.

ARBEIDSHOF

*Klag 4: Verlaat werksplek sonder toestemming (25 Januarie)*

[38] Hierdie klag hang saam met klag 3. Dis hoogs onwaarskynlik dat Du Toit snr aan die twee werkers sou gesê het om huis toe te gaan – m.a.w. dat hy aan hulle toestemming gegee het om die werksplek te verlaat – as hy nie eers geweet het wat die rede is nie. Dis gemeensaak dat hulle nie vir hom gesê het dat hulle lyfseer is nie – op hulle weergawe, omdat hy hulle nie kans gegee het nie. Hoekom sou hy hulle dan huis toe stuur?

[39] Du Toit snr se weergawe is meer geloofwaardig. Hy was ‘n indrukwekkende getuie wat nie geskroom het om reguit te praat nie. Sy weergawe is dat hy die oggend vir Philander en Louw gegroet het en gevra het, “Waar’s julle grawe, kêrels?”. Hulle het geweier om die grawe te vat. Hy sê toe: “Dis julle besluit. Dan moet julle by die huis gaan sit”. Hulle het nie gevra vir ligte diens – soos hy bv aan ander werkers gegee het indien nodig, soos blyk uit die diensregister – of verduidelik hoekom hulle nie wou werk nie. Hulle het net geweier om die opdrag uit te voer en toe huis toe gegaan.

[40] Die twee werkers kon onder geen indruk verkeer het dat Du Toit snr se woorde aan hulle neergekom het op verlof om die werksplek te verlaat nie. Hulle is klaarblyklik skuldig aan hierdie klag.

*Prosedurele billikheid*

[41] In ‘n voorverhoornotule van 24 Mei 2014 het die applikante verder beweer dat hul ontslag onbillik was vir die volgende redes:

“i. The applicants were not allowed to present any evidence in mitigation.

ii. The applicants were not given a chance to adequately represent their case.

iii.The applicants were dismissed without a fair and unbiased hearing.

iv. Neither the notice nor the charge sheet mentioned that the consequences of being found guilty would be dismissal or that dismissal was contemplated.

v. The notice did not allege the dominant reason for the dismissal. The respondent misrepresented the reason for the dismissal.

vi. On 11 January 2013, Mr Swart went to La Maison farm and reported to Rolene van Zyl, the labour consultant who chaired the disciplinary hearing. He requested

ARBEIDSHOF

that the hearing be adjourned for an hour because he had to attend to another hearing. The request was refused."

[42] In Me *Nyman* se betoog het hierdie aantygings vervaag tot die volgende:

"We submit that the chairperson of the disciplinary enquiry committed gross irregularities in relation to sanction in respect of the following grounds:

1. The chairperson failed to take into account mitigating factors as set out in paragraph 3 of the Code of Good Practice.
2. The chairperson was not independent because she consulted with the respondent regarding the sanction that had to be imposed.
3. The chairperson failed to apply paragraphs 3(2) and 6 of the Code of Good Practice".

[43] Dis nie vir my duidelik waarop die geleerde advokaat se verwysing na "gross irregularities" sinspeel nie. Sy maak staat op die volgende *dictum* in *Toyota South Africa Motors (Pty) Ltd v Radebe & others*[3]*:*

"If there is a yawning chasm between the sanction which the court would have imposed and that which the commissioner imposed then it would seem to me that a gross irregularity has been committed."

[44] Hierdie is 'n verhoor, nie 'n hersiening nie. Afgesien daarvan dat dit te betwyfel is of bg aanhaling nog van toepassing is in die lig van die hersieningstoets in *Sidumo*[4] is dit van min of geen relevansie vir die saak voor my. Ek sal nietemin haar oorblywende argumente en die applikante se oorspronklike argumente oorweeg.

[45] Dit is so dat die voorsitter die werkgewer gevra het watter sanksie hy sou verkies. Die voorsitter is nie 'n werknemer van La Maison nie. Sy kon nie die werkers ontslaan nie. Sy moes 'n sanksie aanbeveel. In daardie omstandighede was dit relevant wat die werkgewer se houding is. Sou die werkgewer gesê het, "ten spyte van alles, sal ek hulle nog 'n kans gee", sou sy dit sekerlik aanvaar het. Dis nie onbehoorlik nie.

[46] Dis nie duidelik hoedat Me *Nyman* aanvoer dat die voorsitter nie voldoen het aan items 3(2) en 6 van die praktykskode nie. Item 3(2) bepaal:

---

[3] [2000] 3 BLLR 243 (LAC) para [53].

[4] *Sidumo & another v Rustenburg Platinum Mines Ltd & others* (2007) 28 *ILJ* 2405 (CC).

ARBEIDSHOF

"Dissiplinêre stappe teen 'n vakbondverteenwoordiger of 'n werknemer wat 'n ampsdraer of beampte van 'n vakbond is, behoort nie gedoen te word alvorens daar eers aan die vakbond kennis gegee is en daar met die vakbond oorleg gepleeg is nie."

[47] Die werkgewer het wel aan CSAAWU kennis gegee dat hulle teen Philander sou optree en die vakbond genooi om hom te verteenwoordig. Die vakbond het gevra dat die verhoor na 12 Februarie i.p.v. 11 Februarie verskuif word (en nie, soos die applikante te kenne gee in die voorverhoornotule, dat dit net vir 'n uur uitgestel moet word nie). Die voorsitter het aan Swart verduidelik hoekom dit nie moontlik is. Die vakbond het nie die geleentheid gebruik om die verhoor by te woon nie.

[48] Wat versagtende omstandighede betref, het die applikante dieselfde geleentheid as die werkgewer gehad om dit skriftelik aan die voorsitter voor te lê. Hulle het geweier. Daar is niks in die praktykskode wat bepaal dat dit mondelinmgs gedoen moet word nie. Daar is niks onbilliks hieromtrent nie. Die applikante kan net hulself blameer dat hulle nie die geleentheid gebruik het nie, selfs nadat die voorsitter hulle 'n verdere 24 uur uitstel gegee het.

[49] Die applikante is meer as voldoende kans gegee om hul saak te stel. Die werkgewer het in hierdie opsig baie verder gegaan as wat verwag word in die lig van items 6 en 7 van die praktykskode en die riglyne van hierdie hof.[5] Hulle het 'n billke verhoor gehad. Die sanksie van ontslag was in ooreenstemming met die sanksie wat as riglyn dien vir drie van die klagte in die werkgewer se dissiplinêre kode waarmee die applikante vertroud was.

[50] Dis nie vir my duidelik waarop die applikante sinspeel as hulle aanvoer dat "respondent misrepresented the reason for the dismissal" nie. Me *Nyman* het ook nie daarop uitgebrei nie. Die klagtes en die redes vir ontslag stel dit wel duidelik.

[51] Wat Swart se interaksie met Van Zyl betref, kon dit kennelik nie op 11 Januarie geskied het nie. Die werkers het toe nog gestaak en is nog van geen verhoor in kennis gestel nie. As daardie bewering op 11 Februarie

---

[5] *Avril Elizabeth Home for the Mentally Handicapped v CCMA & others* [2006] 9 BLLR 833 (LC).

ARBEIDSHOF

sinspeel, word dit nie deur die getuiemnis gestaaf nie. Swart het getuig dat hy op 11 Februarie op die plaas was en vir Van Zyl gevra het om die verhoor met twee ure (en nie met een uur nie) uit te stel. Dit stem nie ooreen met die vakbond se brief wat vra dat die verhoor uitgestel word na 12 Februarie nie. Maar wat meer is, dis gemeensaak dat Philander se verhoor reeds om 09h00 op daardie dag begin het. Swart het getuig hy was tussen 10h30 en 11h00 op die plaas. Dis onmoontlik dat hy toe vir uitstel kon vra, aangesien die verhoor reeds plaasgevind of ten minste 'n aanvang geneem het. Sy weergawe is, soos mnr *Crowe* aan hom gestel het, 'n wolhaarstorie.

[52] Die proses was billik. So ook die sanksie.

<u>Bevinding</u>

[53] Die applikante is skuldig op al die klagte (behalwe vir Burger op klag 3). Die sanksie van ontslag is billik.

<u>Koste</u>

[54] Die applikante, wel wetende dat hul optrede, in Philander se woorde, "van dag een af" onbeskermd was, het roekeloos voortgegaan met hul wangedrag. Hulle is hierin gesteun deur hul vakbond, CSAAWU. Selfs nadat hulle uiteindelik teruggekeer het werk toe, het die werkers weer weggebly sonder enige rede. Hulle het 'n redelike opdrag van die werkgewer geweier. Hul optrede was deurgaans roekeloos en uitdagend. Die werkers het, as gevolg van hul wangedrag, hul werk verloor. Hulle sal waarskynlik ook hul gratis verblyf moet prysgee. Daarvoor kan hulle net hulself en hul vakbond blameer. Dis onwaarskynlik dat die werkers in staat sal wees om boonop die respondent se koste te betaal. Die vakbond, aan die ander kant, het sy lede se werksekerheid en verblyf in gevaar gestel en hul ledegeld gebruik om voort te gaan met hierdie hofaansoek ten spyte daarvan dat hulle geen kanse op sukses gehad het nie. Die assistent-hoofsekretaris, Swart, het nie na sy lede se belange omgesien nie. Die vakbond moet, gesamentlik en afsonderlik met die ander applikante, die werekgewer se koste betaal. Beide kante is deur 'n

ARBEIDSHOF

advokaat verteenwoordig. Die regskoste sal die koste van ‘n advokaat insluit.

Bevel

[55] Die applikante se saak word van die hand gewys met koste, insluitende die koste van een senior advokaat, wat gesamentlik en afsonderlik deur die applikante betaal moet word.

---

**Anton Steenkamp**

**Regter van die Arbeidshof van Suid-Afrika**

VERSKYNINGS

APPLIKANTE: R Nyman
In opdrag van Brink & Thomas.

RESPONDENT: M A Crowe SC
In opdrag van Bagraims.

ARBEIDSHOF